

26 November - VERBOND

Skrifgedeelte: Genesis 15

Fokusgedeelte: Genesis 15:17, 18

Sit jy soms met geloofstwyfel? Die twyfel is nie iets nuuts nie. Nêrens sien ons dit duideliker as juis in die lewe van Abram, “die vader van die geloof” nie. Abram vra moedeloos: “Here my God, wat kan U vir my gee? Ek sal kinderloos sterf, en Eliëser, die man uit Damaskus, sal my besittings kry.”

Die Here antwoord deur ’n verbond met Abram te sluit. Destyds is ’n verbond of ooreenkoms tussen twee partye beseël deur ’n simboliese handeling waardeur ’n dier in die helfte deurgesny is. Die twee helftes is dan teenoor mekaar op die grond neergelê met ’n bloedstraat in die middel deur. Die twee partye wat die verbond gesluit het, het dan saam tussen die twee bebloede helftes deurgestap. Dit was die teken van hulle onbreekbare verbintenis aan die verbond. Elke party sal sy verpligtinge van die verbond nakom. Indien nie, sal die verbondbreker se liggaam so gebreek word en sy bloed sal so vloei.

Abram verdeel die verskillende diere en raak aan die slaap. Toe die son ondergaan het daar ’n oond wat rook en ’n fakkel wat brand tussen die stukke vleis deurgegaan. Die lig en vuur is tekens van God se verskyning. God self gaan tussen die stukke vleis deur. Hy loop alleen op die bloedstraat. Dit beteken dat Hy alleen alle verpligtinge van die verbond op Hom neem. En wanneer die ander party die verbond verbreek, sal Hy die vloek van die verbond self dra.

So loop daar ’n reguit lyn van Genesis 15 na Golgota toe. Die verbond is ’n blywende verbond. Daarom is ons ook opgeneem in God se testament. Abraham en ook ons kan egter nie die verbondverpligtinge nakom nie. Daarom stuur God sy Seun na hierdie wêreld. Hy is volkome gehoorsaam aan sy Vader se wil. Hy het die vloek wat verbondsbrekers moet dra, op Hom geneem. Hy sterf aan die vloekhout vir ons sondes. En ons kry die nuwe lewe!

Hoe kan daar dan nog enige geloofstwyfel by ons wees! Die kruis en die oop graf roep dit uit: God is getrou! Hy leef en regeer!

Sing: Psalm 105:5 (1936-beryming)

Ds AL Pelsler (Bethlehem)